Verwysing: 20200911-7994
Lêernommer: 11/1/3/1/*Die Burger* Youth Leadership Conference
Navrae: HA Brand

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0003/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

Onderwerp: *Die Burger* se jeugleierskapskonferensie, 14–16 Desember 2020

1. *Die Burger*-koerant, in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement, sal die **62ste jaarlikse jeugleierskapskonferensie gedurende Desember 2020** aanbied.

2. Gegewe die impak wat die Covid-19-pandemie het, sal die jeugleierskapskonferensie in 2020 'n virtuele aangeleentheid wees. **Verdere inligting en die nodige aansoekvorms sal binnekort uitgereik word.**

3. Skole word uitgenooi om die verkose voorsitter en/of ondervoorsitter van die verteenwoordigende raad van leerders (VRL) vir 2021 te benoem om aan hierdie baie verrykende ondervinding deel te neem. Dit bring mee dat skole die verkiesings van die VRL'e só moet reël dat dit die sluitingsdatum vir aansoeke op **06 November 2020** nakom.

4. Skole is welkom om enige navrae oor die konferensie aan die voorsitter van die konferensie, mnr. Barry Volschenk, by selfoonnommer 082 376 4794 te rig.

5. U ondersteuning van hierdie projek sal waardeer word.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van al die betrokke onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-29